

4 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 26
Fokusgedeelte: 1 Samuel 26:9

Moenie gryp wat God wil gee nie

Die boek 1 Samuel handel breedvoerig oor die voorbereidingstyd wat Dawid met die oog op die ontvangs van die koningskap moes deurmaak. Hoewel hy geweet het dat hy die volgende koning sou word, het dit nie oornag gebeur nie. Hy moes daarvoor wag. Die Here het dit so beskik dat Dawid 'n intensiewe en louterende wagtydperk moes deurmaak. Dit was goed vir hom, al was dit baie beslis nie maklik nie. Hierdie wagtydperk het sy eie besondere eise aan Dawid gestel, want dit was niks anders nie as 'n vlugtydperk onder moeilike omstandighede. Koning Saul was voortdurend op soek na Dawid om hom dood te maak. In hierdie Skrifgedeelte doen 'n tweede geleentheid hom voor om die hele wagtydperk summier te beëindig. Dawid ontvang die gulde geleentheid om koning Saul dood te maak. Hy kan die koningskap sommer vir homself gryp, in plaas daarvan om nog langer daarvoor te wag. Die versoeking is groot en die aanmoediging wat hy ontvang is baie sterk. Tog doen hy dit nie. Vir die tweede keer het hy sy hand teruggehou. Hy wil nie gryp wat die Here in elk geval binnekort wel vir hom sou gee nie. 'n Geloofstoets en 'n geloofsoorwinning.

Ons lewe daagliks in 'n wêreld waar ons aangemoedig word tot vergrype. Sonde, selfsug en eiebelang is niks anders as 'n "vergrype" teen God se wil nie. Om te gryp en te vat ... voordat Hy vir jou gee. Weet ons wat dit beteken om op die Here te wag terwyl ons op sy beloftes gefokus bly? Onder moeilike omstandighede leer die Here ons ook om op Hom te vertrou en op sy uitkomste en gawes te wag. In Jesus Christus ontvang ons mos die geloof wat met sekerheid die onsienlike kan sien. Die Gees van God gee die krag om onder die moeilikste omstandighede volhardend te fokus op God se beloftes.

Sing: Psalm 130: 3, 4 (1936)

Ds IW Ferreira (Rietvallei)